VIER DIE GEBOORTE VAN SUID-AFRIKAANSE WYN
2 FEBRUARIE 1659

WYNOESHERDENKINGSGELEENTHEID

Gelukkige Verjaardag aan Suid-Afrikaanse Wyn!

Klink ‘n glasie en neem deel aan die SA Wynoesvieringe in Februarie 2023

Februarie is ’n maand wat nie misgeloop kan word nie! Elke jaar word die verjaardag van die Suid Afrikaanse wynbedryf in hierdie maand gevier en dit pryk hoog op almal se kalenders – 2023 is geen uitsondering nie.

“*Heeden is Goode loff van die Caepse druyven d’eerste mael wijn geparst*." So staan daar geskryf in die dagboek van Jan Van Riebeeck op 2 Februarie 1659. Dit is ‘n tydlose sin wat inderdaad die geboorte van die Suid Afrikaanse wynindustrie aangekondig het.

2 Februarie is die begin van die land se wynoesvieringe wanneer Suid-Afrika almal nooi wat 'n passie en liefde vir wyn deel. Dit sluit die sakegemeenskap, produsente, sosiale drinkers, wynkenners, restaurateurs, versamelaars en kleinhandelaars in, waar almal ’n glasie kan klink om Suid-Afrika se ryk wynerfenis te vier.

Die Wynoesherdenkingsgeleentheid
Die Groot Constantia Wynlandgoed in Kaapstad sal op 2 Februarie gasheer speel vir die jaarlikse Wynoesherdenkingsgeleentheid.

Dit is wanneer die wynbedryf individue en organisasies amptelik vereer vir hul uitsonderlike bydrae in die volgende kategorieë: Visionêre Leierskap (met die 1659 Visionêre Leierskap-toekenning), Bevordering van Inklusiwiteit, Wynbevordering, asook Wingerd- en Wynbou.

Oor die jare is baie groot wyngeeste vereer, soos Nelson Mandela, die Onbesonge Wynarbeiders, Ntsiki Biyela, Norma Ratcliffe, Beyers Truter en Charles Back. En in 2022 het Carmen Stevens, Denise Stubbs, Francois Viljoen en Christine Rudman by hierdie groep baanbrekers aangesluit.

Klink ’n glasie op ons natuurlike biodiversiteit
Die bewaring van die land se ryk biodiversiteit is ’n groot prioriteit vir die wynbedryf. Suid-Afrikaanse wynprodusente, groot en klein, van kus tot kus, is uiters bewus daarvan

WYNOESHERDENKINGSGELEENTHEID

dat hulle die bewaarders is van die grond waarop hulle produseer.

Suid-Afrika se geliefde Fynbos met sy diverse plant samestelling speel gasheer vir die Wynbedryf aangesien 95% van die wynverbouing in die unieke habitat van die Kaapse Fynbos plaasvind. Die handhawing van ’n balans tussen natuur en landbou is deurslaggewend en maak Suid-Afrika uniek wanneer dit kom by die verskillende wynproduserende areas se uitdrukking van die uitsonderlike rykdom van die land se wyne en natuur.

Maak gereed vir n fees

Moet dit nie misloop nie! Teken Donderdag, 2 Februarie in jou dagboek aan en wees op die uitkyk vir verjaardaggeleenthede van die SA wynbedryf oor die hele Suid-Afrika. Word deel van die maandlange viering van Suid-Afrika se voortgesette wynnalatenskap!

Om virtueel by die feestelikhede aan te sluit, volg net die skakel www.sawineharvest.co.za op 2 Februarie 2023 en klink ’n glasie op Suid-Afrikaanse wyn!

Deel jou vieringe op sosiale media met @sawineharvest deur die hutsmerk #HappyBirthdaySAwine te gebruik.

EINDE

Uitgereik deur die Wynoesherdenkingsgeleentheid

Social Media Plasing voorbeeld:

Maak gereed om jou glas te lig en in Februarie 2023 by die SA Wynoesvierings aan te sluit met die 364ste verjaardag van die Suid-Afrikaanse wynbedryf. Lees meer daaroor hier. #HappyBirthdaySAwine #WineHarvestCommemorativeEvent

@sawineharvest

VIER DIE GEBOORTE VAN SUID-AFRIKAANSE WYN
2 FEBRUARIE 1659

WYNOESHERDENKINGSGELEENTHEID

Kort 170 woord blits opsomming:

Gelukkige Verjaardag, Suid-Afrikaanse Wyn!

Februarie 2023 is die 364ste herdenking van die Suid-Afrikaanse wynbedryf, soos dit op 2 Februarie 1659 in Jan van Riebeeck se dagboek aangeteken is: "*Heeden is Goode loff van die Caepse druyven d'eerste mael wijn geparst.*" Suid-Afrika nooi almal met 'n passie vir wyn – van produsente en kenners tot sosiale drinkers – om 'n glasie op Suid-Afrika se ryk wynerfenis te klink.

Die Wynoesherdenkingsgeleentheid

Op 2 Februarie speel Groot Constantia Wynlandgoed gasheer vir hierdie jaarlikse geleentheid waar die wynbedryf sy baanbrekers vereer. Oor die jare heen is groot wyngeeste vereer, soos Nelson Mandela en die Onbesonge Wynarbeiders, en in 2022 het Carmen Stevens, Denise Stubbs, Francois Viljoen en Christine Rudman by hierdie groep baanbrekers aangesluit.

Maak gereed vir n fees

Teken Donderdag 2 Februarie 2023 in jou dagboek aan en wees op die uitkyk vir verjaardaggeleenthede van die SA wynbedryf oor die hele Suid-Afrika! Om virtueel by die feestelikhede aan te sluit, volg die skakel www.sawineharvest.co.za op 2 Februarie 2023. Deel jou viering met @sawineharvest deur die hutsmerk #HappyBirthdaySAwine te gebruik.

Fotobeelde en wyn logo vir gebruik deur persverklaring-ontvanger:

https://www.dropbox.com/scl/fo/008wwukgtn9ivfgr0tmqn/h?dl=0&rlkey=op8oa0zlztuxfjqfbyvo09kk2

Het u enige navrae of wil u graag 'n onderhoud opstel?
Kontak via e-pos carmen@sawineharvest.co.za of skakel / WhatsApp 082 825 5715